**Anneretha Combrink, Franci Greyling en Hans du Plessis**

Anneretha Combrink, Franci Greyling en Hans du Plessis is verbonde aan die Vakgroep Skryfkuns, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. E-pos-adresse: blouanna@gmail.com, Franci.Greyling@nwu.ac.za, Hans.DuPlessis@nwu.ac.za

# Uit die oogpunt van die buitestander: Die rol van identiteit en ruimte in die skep van 'n gemeenskapseie jeugnovelle

## From the point of view of an outsider: The role of identity and space in the development of a community specific youth novella

The reading habits (or lack thereof) of adolescents in South Africa, like those in the rest of the world, are reason for concern. The fact that adolescents read distressingly little can be attributed to different reasons. It may be because of a lack of skill and interest, or because there is a dearth of texts with which they can identify. If more texts were created in which adolescents can identify with the spaces and identities portrayed, the reading statistics in South Africa may shift positively. However, at present not all communities and voices in the country are represented by a diversity of writers, especially writers of youth literature. In the Afrikaans speaking coloured community of Promosa, Potchefstroom, the same tendency is found. Although it is ideal that these communities should be represented by their own writers, who know them best, this is not always the case. Is it therefore possible for an outsider to create a youth novel for a specific target group with which they (the adolescents of Promosa) will identify? **Key words:** identity, space, community, youth novella.

### Inleiding

Dit is kommerwekkend dat daar 'n gebrek aan leesbelangstelling is onder adolessente in Suid-Afrika. Hierdie tendens bestaan nie net in Afrika nie, maar ook in die res van die wêreld. Adolessente lees min, vanweë 'n gebrek aan vaardigheid en belangstelling (Vosloo 2002) óf omdat daar 'n leemte is in tekste is waarmee hulle kan *identifiseer*. Purves en Beach (1972: 93) het bevind dat adolessente tot op omtrent graad 9-vlak hoofsaaklik lees vir genot en ontspanning – hierná verskuif die motivering vanaf lees vir ontspanning na lees om die *self* te verstaan (identiteit).

Hierdie spesifieke leesbehoefte word bevestig deur internasionale leesondersoeke (Purves & Beach 1972; Samuels 1989; Moffit & Wartella 1992; Crago 1993; Nodelman 1996), asook deur Suid-Afrikaanse leesondersoeke (Machet et al. 1996; Rasana 2006; Snyman 2006).

Bogenoemde ondersoeke bevestig dat adolessente veral in verhalende tekste belangstel waarin hulle met die identiteit(e)en ruimte(s) kan identifiseer. Anders gestel, hulle sal identifiseer as hierdie tekste iets uitbeeld van hul eie identiteit en ruimte, en dus eie aan hul gemeenskap is. Indien daar dus meer tekste vir adolessente geskep sou



03 Combrink 03.pmd 32 7/23/2008, 7:57 AM

word deur lede van hulle eie gemeenskappe – tekste wat hul eie ruimtes en identiteite uitbeeld, en waarmee hulle kan identifiseer – behoort hulle meer te lees.

Daar is egter ′n tekort aan ′n breë spektrum van skrywers wat verteenwoordigend is van alle gemeenskappe, ruimtes en identiteite in die land. Dit is ook die geval met skrywers vanuit bruin gemeenskappe, veral jeugboekskrywers.[1] So ver vasgestel kon word, is slegs enkele jeugverhale nog ooit deur bruin skrywers in Suid-Afrika gepubliseer. Daar bestaan wel jeugverhale met bruin hoofkarakters wat deur skrywers van ander kulture geskryf is. Tog bly dit die ideaal dat skrywers vanuit die lesers (adolessente) se eie gemeenskappe moet wees, omdat hulle die kenners is van hierdie onbeskrewe identiteite en ruimtes. Tans is daar nog ′n gebrek aan sodanige skrywers, en daarom is dit geldig om die vraag te stel: Is dit moontlik vir ′n *buitestander* om ′n teks te skep waarin adolessente van ′n spesifieke gemeenskap met die ruimte(s) en identiteit(e) kan identifiseer?

Dit is die doel van hierdie artikel om bogenoemde navorsingsvraag te beantwoord deur te kyk na die verskillende aspekte wat ondersoek is in die proses om as buitestander ′n teks te skep vir ′n spesifieke teikengroep. Hierdie groep is die adolessente van die Afrikaanse gemeenskap Promosa, Potchefstroom.[1]

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat dit wel moontlik is vir ′n buitestander om ′n jeugnovelle te skep waarmee adolessente in ′n spesifieke teikengemeenskap sal identifiseer en wat hulle sal lees. Ten einde ′n geloofwaardige teks te skep, moet sodanige buitestander egter oor genoegsame kennis en insig van die teikengroep en hul spesifieke ruimte en identiteit beskik. Om hierdie kennis te verwerf, is navorsing oor die teikengroep onderneem. Die navorsing het verskeie fasette van die teikengroep se ruimte en identiteit behels, naamlik hulle sosiale en kulturele omgewing; hulle fisiese en kollektiewe identiteit en ruimte (ook deur dit self as skrywer te beleef); en die literêre ruimte waarbinne hulle leef (beskikbare tekste deur bruin skrywers in Suid-Afrika, asook die teikengroep se leesgewoontes en -behoeftes).

Met ′n deelnemende benadering as vertrekpunt is ′n leesondersoek gedoen, asook ′n ontleding van tekste wat deur die teikengroep self geskryf is.[2] Die navorser se deelnemende waarneming het deurgaans ′n belangrike rol gespeel. Uit die empiriese navorsing en agtergrondstudie is gevolgtrekkings gemaak en belangrike beginsels vasgestel wat as riglyne gedien het vir die skryf van ′n verhaal. Vervolgens is die verhaal geskryf, waarna dit vir terugvoer en evaluering na die teikengroep geneem is. Die ondersoek het dus kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing behels asook die skep van ′n eie kreatiewe produk.

In die bespreking sal die teoretiese begronding waarvolgens die navorsing aangepak is eerste aandag geniet. Dit sluit in die kontekstualisering en benadering van die studie, omskrywing van die teikengroep en die konseptuele raamwerk. Hierna word die empiriese navorsingsmetode wat gevolg is, bespreek.



03 Combrink 03.pmd 33 7/23/2008, 7:57 AM

## Teoretiese begronding

### *Kontekstualisering*

Die navorsing het deel uitgemaak van 'n oorkoepelende navorsingsprojek deur die Vakgroep Skryfkuns van die Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, naamlik "Om die wêreld oop te skryf: Boeke uit die gemeenskap" (sien Greyling 2005). Die hoofdoel van die projek was om lees, en veral skryf, onder die Afrikaanse gemeenskap van Promosa, Potchefstroom, te bevorder. Verskeie segmente van die gemeenskap, naamlik laerskoolkinders, hoërskoolkinders, volwassenes en bejaardes is betrek by stories, stories-vertel, lees, skryf en boekmaak.

Die navorsing wat in hierdie artikel aandag geniet het primêr die Afrikaanssprekende adolessente in die gemeenskap as teikengroep gehad, met die doel om skryf (en lees) onder hulle te bevorder. Hoewel die hoofspreektaal in Promosa volgens *StatsSA* (2001) steeds Afrikaans is, het die taalsamestelling in die gebied die afgelope jare in so 'n mate verander dat feitlik die helfte van die Promosa Sekondêre Skool (waar die grootste deel van die empiriese navorsing uitgevoer is) se leerders tans uit nie-Afrikaanssprekers bestaan. Om hierdie rede is ook die Afrikaans-tweedetaalleerders betrek by die navorsing. Die studie wou ook die lees van Afrikaanse boeke onder hierdie leerders bevorder, en dit was dus relevant om van hulle behoeftes kennis te neem.

Die navorsing was grootliks deelnemend van aard, aangesien 'n skryfprojek aangepak is waarby lede van die gemeenskap self betrokke moes wees. Inligting kon nie versamel word sonder die hulp en betrokkenheid van die gemeenskap nie. Inligting vanuit die gemeenskap self is gebruik om verandering te bewerkstellig. Die navorser besef die belangrikheid daarvan dat die gemeenskap se identiteit behoue moet bly, en daar is gepoog om die teikengroep se betrokkenheid op verskillende vlakke te behou.

Voordat die studie 'n aanvang geneem het, was die navorser reeds vir vier jaar as deelnemende waarnemer by adolessente in Promosa betrokke (in die hoedanigheid van streeksprojekleier van die Karos & Kambro Jeugontwikkelingsprojek, 2000–2004). Sodoende is 'n aantal adolessente in die gemeenskap op persoonlike vlak leer ken. Dit was byvoorbeeld moontlik om op gereelde basis waarnemings te maak ten opsigte van die adolessente se spesifieke en unieke taalgebruik. Waarnemings is ook gemaak met betrekking tot die sosio-ekonomiese en maatskaplike ruimte waarbinne die adolessente leef. Hierdie waarnemings is tydens die studie geverifieer deur middel van die adolessente se eie verhalende tekste en die leesondersoek (sien die afdelings hieronder oor die leesondersoek en teksanalise).

### ***Konseptuele raamwerk***

#### *Identiteit, ruimte, liminaliteit, hibriditeit en grense*

In die skep van 'n verhalende teks wat relevant en van waarde is vir 'n spesifieke



03 Combrink 03.pmd 34 7/23/2008, 7:57 AM

gemeenskap, is faktore soos die volgende integraal deel van die proses, en moet dit deurentyd by die skeppingsproses betrek word. Wie die gemeenskap is (identiteit), en wat hulle agtergrond en omgewing is (ruimte) speel 'n belangrike rol in die narratief wat deur die navorser geskep word, asook in die gemeenskap se eie narratiewe. Die identiteit en ruimte van die gemeenskap as geheel, en ook van die individue wat deel vorm daarvan, word beduidend bepaal deur die grense binne die gemeenskap (hetsy sosiaal, etnies, godsdienstig, of van watter aard ook al). Aangesien die voorkoms van grense deel is van die gemeenskap van Promosa se kollektiewe identiteit, is dit ook van belang vir die navorser om bewus te wees daarvan. Verder is daar in elke gemeenskap hibriede vorme wat tot uiting kom in die identiteit van die individu en die groep, en daarom 'n invloed daarop het. Ten einde as buitestander 'n geloofwaardige teks te skep vir die teikengroep, behoort die invloed van hierdie faktore op die identiteit van die groep of individu in detail bestudeer te word.

Dit is nie maklik om 'n abstrakte konsep soos identiteit binne 'n spesifieke gemeenskap te bestudeer nie. Aangesien identiteit veranderlik is, is dit onmoontlik om identiteit as sodanig te "meet". Dit is egter wel moontlik om deur verskillende uitdrukkingsvorme (waaronder die narratief) identiteitsmerkers waar te neem. Eienskappe van 'n gemeenskap, wat as sodanig moeilik vaspenbaar is, word omskryfbaar wanneer dit neerslag vind in 'n verhalende teks. Daarom was die kern van die navorsing die narratief, en spesifiek die narratiewe identiteit van die adolessente van Promosa. Die identiteit van die gemeenskap het op 'n verdere vlak betekenis as die vraagstuk na vore kom of 'n buitestander hoegenaamd die reg het om die stem van die gemeenskap (insluitend hul ruimte en identiteit) as't ware te approprieer, sy/haar eie te maak en op papier weer te gee. Hierdie kwessie word later verder bespreek.

Wanneer 'n gemeenskap hul eie verhalende tekste skep waarbinne hulle leefwêreld en identiteit vergestalt word, en ook wanneer 'n buitestander 'n verhaal skep vir 'n spesifieke gemeenskap, word daar oor 'n grens getree. Daar word nou nie meer beweeg binne die realistiese en werklike leefruimte van die gemeenskap nie, maar binne 'n liminale ruimte, naamlik die ruimte van die teks. Hierdie ruimte het simboliese betekenis en funksioneer anders as die fisiese ruimte. Binne dié nuwe ruimte is daar ander betekenisse en reëls. Die liminale teksruimte, met sy nuwe reëls, moet derhalwe nuut hanteer word.

*Die narratief en narratiewe identiteit*

Die identiteit van 'n individu of gemeenskap is nóú verweef met die stories wat deur hulle vertel of onthou word. Lewens word uitgedruk en beskryf in narratiewe, hetsy dit mondelinge of geskrewe tekste is, en word ook daardeur gevorm en verander. Die daaglikse skinderstories, volksverhale, *urban legends*, tradisies en ander vorme van mondelinge storievertelling in 'n gemeenskap soos Promosa is natuurlikerwys vervleg met die sosiale verhoudinge en intrinsieke struktuur van die gemeenskap. Op dié



03 Combrink 03.pmd 35 7/23/2008, 7:57 AM

manier het die narratief 'n invloed op die identiteit van die individu, en spesifiek die adolessent binne die gemeenskap.

Elke narratiewe weergawe vorm deel van 'n lewe, en is volgens Bahktin (1981: 37) ingebed in 'n geleefde konteks van interaksie en kommunikasie, intensie en verbeelding, dubbelsinnigheid en vaagheid. Daar is volgens hom altyd potensieel 'n volgende en nuwe storie om te vertel. Dit skep 'n dinamiek tussen ware stories oor die werklike lewe en moontlike stories oor potensiële lewe, sowel as kombinasies daarvan. As gevolg hiervan kan lewensnarratiewe gesien word as oop, sonder einde. Hulle is volgens Bahktin (1981: 37) "onfinaliseerbaar", want die lewe bied altyd méér opsies (werklik en fiktief), sluit méér betekenisse in, méér identiteite, roep méér interpretasie op as wat enige aantal moontlike lewenstories kan uitdruk.

Die invloed van die narratief op die lewe van die individu is wydlopend. Bahktin (1981: 37) se teorie van die narratief sien die mens as voortdurend besig om homself te *skep*, voortdurend besig om enige definitiewe weergawe van identiteit te weerspreek. Die hele idee en moontlikheid van menslike identiteit is verbind aan die narratief en narratiwiteit (Brockmeier & Carbaugh 2001: 15). Hiermee saam gee die narratief aan die individu toegang tot die realiteit van sy lewe.

Gegewe die sosiale konteks waarbinne die adolessent van Promosa leef, kan die aanname gemaak word dat die teikengroep hul lewenstories en omstandighede dikwels herskep en verander deur narratiewe, hetsy deur skinderstories, droomnarratiewe, of selfs deur tradisionele sprokies, mites en volksverhale. Hierdie tipe herskepte mites (en ook ander herskepte narratiewe) kan volgens Warner (aangehaal in Zegeye 2001: 203) irrasioneel, onbelangrik en selfs naïef voorkom. Tog is daar 'n interne waarheid aan hierdie populêre en persoonlike mites. Die hipotese kan gestel word dat die narratief 'n belangrike rol speel in enige individu (in hierdie geval die adolessent in Promosa) se siening van homself en ander, en in die vorming van sy identiteit en ruimte.

In die konteks van die navorsing is taal as medium gebruik vir die uitdrukking van die narratiewe ervaring. Taal, spesifiek die narratiewe gebruik daarvan, is egter nie bloot 'n medium wat gebruik word vir uitdrukking en begrip nie (nie bloot 'n ander tipe boumateriaal nie). Die self (en identiteit) bestaan in en deur taal, veral deur die narratief. Die self, identiteit, word nie slegs beskryf deur 'n voorafbestaande self in 'n narratief nie, maar hierdie beskrywing maak uiteindelik die self uit. Ricoeur (aangehaal in Viljoen et al. 2004: 26) stel dit soos volg: "Our life, when then embraced in a single glance, appears to us as the field of a constructive activity, borrowed from narrative understanding, by which we attempt to discover and not simply to impose from the outside the narrative identity which constitutes us." Met die komplekse raamwerk gevorm deur identiteit (ook narratiewe identiteit), ruimte, hibriditeit, liminaliteit en grense deurentyd voor oë, is die empiriese navorsingsproses aangepak.



03 Combrink 03.pmd 36 7/23/2008, 7:57 AM

## Navorsingsmetode

Die stappe wat gevolg is in die empiriese navorsingsproses behels ′n leesondersoek en teksanalise.

### *Leesondersoek*

Die eietydse samelewing bevind sigself binne die elektroniese inligtingsera, die sogenaamde videosfeer (Stassen 2003: 6). Die elektroniese wyse van inligtingsoordrag bring mee dat jongmense vandag nie meer vir ontspanning en inligting soveel aangewys is op boeke nie. Die vinnig-bewegende samelewing het nie veel geduld met die stadiger pas en ritme wat in storieboeke aangetref word nie.

Is bogenoemde die enigste rede vir adolessente se gebrek aan leesbelangstelling? Meer spesifiek, ís dit inderdaad so dat die adolessente, waaronder adolessente van Promosa, traag is om te lees, of is dit bloot ′n growwe veralgemening? As buitestander sou daar eers vasgestel moes word hoe die lesersprofiel van die adolessent in Promosa lyk voordat hierdie vrae beantwoord kon word en daar oorgegaan kon word tot die gewaagde stap om ′n teks te skep vir hierdie leser.

Die leesondersoek is aangepak teen die agtergrond van soortgelyke leesondersoeke (nasionaal en internasionaal), asook ′n kleiner loodsondersoek wat in 2003 in Promosa gedoen is (Combrink 2003). Bogenoemde loodsondersoek en verkennende gesprekke het as basis gedien vir ′n verdere, meer uitgebreide ondersoek. Die Promosa Sekondêre Skool is genader om deel uit te maak van die navorsing. Die totale leerderstal is 1 100. ′n Ewekansige steekproef van 100 leerders is getrek uit al die grade (graad 7–12). Dit sluit in Afrikaans eerstetaal- en tweedetaalgebruikers tussen die ouderdomme van 13 en 20. Sodoende is gepoog om ′n gelyke aantal eerste- en tweedetaalleerders te trek op grond van die voogklasse (eerstetaal of tweedetaal) waaruit hulle kom. Vraelyste is voltooi waarin inligting ingewin is met betrekking tot die respondente se demografiese en sosiografiese gegewens, leesbelangstelling, leesgewoontes en leesbehoeftes. Die vrae was beide kwantitatief en kwalitatief van aard.

#### *Algemene gevolgtrekkings*

Die oorkoepelende doel van die ondersoek was om vas te stel wat die leesgewoontes en -behoeftes van die adolessente van Promosa is. Hoewel die ondersoek slegs ′n gedeelte van die hoërskoolleerders in die gemeenskap betrek het, kon sekere algemene tendense vasgestel word. Daar bestaan inderdaad talle ooreenkomste ten opsigte van die leesgewoontes en -behoeftes van adolessente oor verskillende tye en plekke heen. Uit die ondersoek is dan ook afgelei dat die adolessente in Promosa nie noodwendig net identifiseer met stories en karakters vanuit dieselfde taal-, kultuur-, en/of etniese agtergrond as hulle, of wat van dieselfde ouderdom en land is nie. Ook die ruimte hoef nie noodwendig dieselfde as dié van die respondente te wees nie. Daar moet wel ′n mate van identifikasie wees, veral ten opsigte van emosionele belewing van die



03 Combrink 03.pmd 37 7/23/2008, 7:57 AM

karakter (sien in hierdie verband Whitehead 1978: 221). Hierdie tendens kom ook in verskeie ander leesondersoeke onder adolessente voor.

Dit het in die ondersoek geblyk dat respondente spesifieke leesbelangstellings het. Die manlike respondente verkies koerante bo storieboeke, terwyl vroulike respondente eerder storieboeke lees. Seuns het speur-, aksie-, of avontuurverhale as genre verkies, terwyl die meisies eerder liefdes-, of avontuurverhale lees. Gunstelingonderwerpe is veral godsdiens, liefde, verhoudings en maatskaplike kwessies soos tienerswangerskappe. Respondente wil graag oor hul eie gemeenskap en problematiek lees. Wat leesbehoeftes (spesifiek ten opsigte van die *vorm* van tekste) aanbetref, het respondente aangedui dat stories maklik leesbaar moet wees. Dit moet in eenvoudige taal geskryf wees en in ′n duidelike lettertipe en drukgrootte gedruk wees. Verhale moet nie te lank wees nie en moet verkieslik geïllustreer wees.

Wat identiteit en ruimte betref, is uit die demografiese en sosiografiese vrae (asook later uit die teksanalise) afgelei dat die adolessente van Promosa in ′n omgewing leef waar maatskaplike probleme aan die orde van die dag is. Armoede, werkloosheid, drankmisbruik deur ouers, kindermishandeling, enkelouergesinne (veral met die afwesigheid van ′n vaderfiguur) en verwaarlosing is ′n realiteit in baie van die respondente se lewens. In die meeste gevalle dra die respondente (as deel van ′n uitgebreide familie saam in een huis) die verantwoordelikheid om toesig te hou oor jonger familielede en huishoudelike pligte na te kom. Indien daar dan tyd is vir ontspanning, kyk respondente televisie of kuier by vriende. Die televisie bied ontvlugting in die vorm van *sitcoms* en sepies. Verder is dit ook ′n oplossing om binne ′n beknopte spasie saam sosiaal te verkeer en ′n vorm van vermaak waarvoor min konsentrasie nodig is. Intussen bly daar min tyd oor om te lees, veral vir ontspanning.

Uit die vraelys (asook uit die literatuurondersoek vroeër) is afgelei dat die teikengroep as adolessente in ′n liminale fase tussen kindwees en volwassenheid is. Vir sommige adolessente word die fisiese leesaksie ′n oorgangsrite; die adolessent beweeg na ′n ander realiteit en verander ook van identiteit in hierdie nuwe wêreld. Dit het verder geblyk dat die hibriede ook ′n rol speel in die leesbehoeftes van die respondente. Hulle het ′n behoefte om oor grense te beweeg, verby die realiteit na die geïdealiseerde werklikheid, om te lees van plekke en tye en mense wat vir hulle onbekend is.

Uit die ondersoek wil dit voorkom of respondente wel deur hulle sosio-ekonomiese omstandighede daarvan weerhou word om gereelde lesers te wees. Die beskikbaarheid van goeie leesstof vorm ook ′n struikelblok. Die plaaslike biblioteek beskik wel oor genoeg leesstof, maar voorsien nie in die spesifieke behoeftes en vermoëns van adolessente nie. Die navorser is van mening dat hierdie faktore ′n definitiewe stremmende uitwerking het op respondente se belewing van hul eie identiteit en ruimte; maar ook op hulle intellektuele stimulering van jongs af, hul leesvermoë, hul behoefte aan lees, en uiteindelik op hulle leesgewoontes.



03 Combrink 03.pmd 38 7/23/2008, 7:57 AM

Daar is verder vasgestel dat respondente 'n behoefte het aan ontvlugting, maar ook aan inligting. Dit kan een rede wees vir die hoeveelheid tyd wat aan TV-kyk spandeer word. Die adolessente van Promosa staar elke dag pynlike realiteite in die gesig. Hulle het 'n behoefte om oplossings te kry vir hierdie kwessies – kwessies soos tienerswangerskappe, MIV/vigs, dwelmmisbruik en geweld. Hulle wil hul eie stories op papier sien; dit waardeur hulle geraak word. Hierdie adolessente het lewens van trauma, pyn en soms wanhoop. Hulle het 'n behoefte aan hoop. Uiteindelik is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die adolessente van Promosa se leesgewoontes en -behoeftes beslis beïnvloed word deur hul sosio-ekonomiese omstandighede, maar dat dit ten slotte nie daardeur bepáál hoef te word nie.

'n Algemene oorsig is verkry van die teikengroep se leefwêreld en literêre ruimte. Vervolgens is 'n indiepte-ondersoek gedoen van tekste wat deur die teikengroep geskryf is, ten einde vas te stel wat hulle eie belewing van hulle ruimte en identiteit is.

***Teksanalise***

'n Teksontleding is gedoen van tekste wat deur adolessente van Promosa self geskryf is. Die doel hiervan was om merkers van identiteit en ruimte te bepaal, soos dit deur hulleself in hul eie skryfwerk vergestalt is. Hierdeur sou dan 'n beter beeld van die teikengroep, en spesifiek hul identiteit en ruimte, gevorm kon word.

*Metode van data-insameling*

Verhalende prosatekste is deur adolessente in die gemeenskap geskep. Die doel was om op 'n verskeidenheid maniere outobiografiese teksmateriaal in te samel. Hierdie tekste is verkry uit stelwerkopdragte by die skool, 'n skryfkompetisie, en verhale wat tydens 'n skryfkursus, aangebied deur die ATKV-Skryfskool, geskryf is. Met die skryfkompetisie het leerders 'n keuse gehad tussen twee temas, naamlik "Die dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie" en "As ek my lewe kon oorhê". Die temas is spesifiek gekies omdat dit moontlikhede inhou ten opsigte van die beskrywing van die adolessent se identiteit en ruimte. Tydens die skryfkursus kon deelnemers self besluit waaroor hulle wou skryf. Die temas vir die stelwerkopdrag was 'n keuse tussen die volgende: "My oupa het altyd gesê …", "Die dag toe ek amper dood was", "My grootste wens", "Die dapperste mens wat ek ken" en "Dit het net hier in ons straat gebeur". Die verhalende tekste wat ontleed is, en wat die data vir die navorsing uitgemaak het, het dus bestaan uit verhale en opstelle.

Uit die tekste kon 'n duidelike beeld gevorm word van die mate waarin hierdie groep adolessente se identiteit gevorm is deur hul verlede, maar ook deur hul sosiale omstandighede, kultuur, konteks, en individuele identiteit. Aangesien elke teks slegs 'n blik bied op 'n klein deeltjie (een gebeurtenis, dag of oomblik) in die adolessente se lewens, kan die tekste nie beskou word as 'n volledige ensiklopedie oor die identiteit en ruimte van die teikengroep nie. Verder is die tekste is ook nie in 'n omgewing van



03 Combrink 03.pmd 39 7/23/2008, 7:57 AM

kliniese afsondering geskep nie, en word derhalwe beïnvloed deur verskeie menslike faktore. So byvoorbeeld speel die gemoedstoestand en gemotiveerdheid van die adolessent op die spesifieke dag wat die teks geskryf is, 'n rol. Tog bied die tekste waardevolle insigte oor die teikengroep.

Die navorser self is ook nie gevrywaar van moontlike subjektiewe aannames nie. Om dit tot die minimum te beperk is die tekste ontleed aan die hand van 'n teoretiese model. Die model is 'n samevatting van 'n verskeidenheid faktore wat ter sprake kom wanneer herinneringe (veral uitgedruk in die narratief) gedeel word. Die werk van Hofstede (1991), Hall (2000), Ricoeur (1991), Bhabha (1996), Van Gennep (1960), Wallman (2001) en Whitebrook (2001) omskryf die wyse waarop hibriditeit, ruimte, liminaliteit en grense tot uiting kom in die identiteit van individue en groepe (soos ook uitgedruk binne 'n geskrewe verhalende teks). Die bydraes van al bogenoemde teoretici is byeengebring in 'n model (of raamwerk).

*Model van ontleding*

Hierdie model is dus as meetinstrument ontwikkel vir konsekwente meting en die tekste is aan die hand daarvan geanaliseer. Daar is byvoorbeeld in elke teks gesoek na persoonlike en kollektiewe identiteitsmerkers, merkers van hibriditeit en voorbeelde van oorgangsrites.

**TEORIE**

| | | |
|---|---|---|
| **IDENTITEIT** | **IDENTITEITSMERKERS:** | |
| Hofstede (1991) | **Persoonlik**<br>Ouderdom, lewensfase, geslag, voorkoms, persoonlikheidseienskappe, demografiese en sosiografiese agtergrond, ras/etnisiteit, godsdiens, seksuele voorkeur, sosio-ekonomiese, klas, beroep. | **Kollektief**<br>Kultuur, ras/etnisiteit, taal godsdiens, land, generasiepolitieke oriëntasie, asook samebindende faktore wat groepe met mekaar laat identifiseer (bv. gesamentlike belange, demografiese en sosiografiese eienskappe) – dieselfde skool/kerk/dorp/straat. |
| Hofstede (1991) | **IDENTITEIT KOM DEUR VERSKILLENDE ROLLE TOT UITING:**<br>Bv. adolessent is skoolkind, suster, kind, versorger, iemand se meisie. | |
| Hall (2000) | **IDENTITEIT WORD BEÏNVLOED DEUR:**<br>Simbole<br>Helde<br>Rituele<br>Waardes<br>➔ kom tot uiting in PRAKTYKE | |
| Ricoeur (1991) | **STRUKTUUR VAN IDENTIFIKASIE:**<br>SELF vs. ANDER<br>Dit wat verskillend is vs. dieselfde. | |



03 Combrink 03.pmd 40 7/23/2008, 7:57 AM

| | | | |
|---|---|---|---|
| **HIBRIDITEIT**<br>Bhabha (1996) | Derde ruimte: tussenin<br>Vorme van hibriditeit: | • kulturele hibriditeit (nuwe interkulturele vorme);<br>• narratiewe hibriditeit;<br>• adolessent as hibried. | |
| **LIMINALITEIT**<br>Van Gennep (1960) | Oorgangsrites:<br>• Skeiding.<br>• Inkorporering (liminale fase).<br>• Oorgang (post-liminale fase). | | |
| **RUIMTE**<br>McBean & Yin-Lo (2004),<br>Viljoen et al.(2004),<br>Donnan & Wilson (2001),<br>Weeks (Erasmus, 2001),<br>Hayden (1995),<br>Saab (2003),<br>Hineline (2004) | Plek (ook plekname).<br>Ruimte: Die *siel* van 'n plek uitgedruk in narratief.<br>Landskap: 'n Stel persoonlike, familie- en gemeenskapsnarratiewe wat ook kenmerke van plek insluit. | | |
| **GRENSE**<br>Wallman (2001) | | **IDENTITEIT:** | **SKEIDINGSVLAK:** |
| | Binnekant (ons) | *Ons* word gedefinieer in opposisie met *hulle*. Ons gebruik die grens vir ons doel, doel, volgens ons behoeftes op hierdie tydstip/in hierdie konteks. | Die grens rondom die bekende, die normale, die onproblematiese. |
| | Buitekant (hulle) | *Hulle* identifiseer hulself deur kontras met die res van ons. Hulle gebruik die grens vir hulle doelwitte. | Die begin van 'n ander sisteem. Prestasie, voorkoms, aktiwiteit, sosiale of simboliese struktuur is anders. |
| Lamont & Molnár (2002)<br>Sanders (2002) | **Kyk ook na:**<br>• Simboliese grense: voorwerpe, mense, praktyke, tyd, ruimte.<br>• Sosiale grense.<br>• Etniese grense: sosiale mediums waardeur assosiasie plaasvind; kulturele en geografiese elemente. | | |

↓ ↓ ↓

**Bogenoemde vind uitdrukking in:**

| | | |
|---|---|---|
| **NARRATIEWE IDENTITEIT**<br>Whitebrook (2001) | **Vorm:**<br>Plot, perspektief, skeppingselemente, struktuur, verteller en tegnieke, karakterisering, styl en struktuur. | **Inhoud:**<br>Tema, konteks, ruimte, grense, liminaliteit, hibriditeit. |

**Figuur 1:** Model van ontleding



03 Combrink 03.pmd 41 7/23/2008, 7:57 AM

*Algemene gevolgtrekkings*

Die analise van die teikengroep se tekste gee ʼn duidelike beeld van hul identiteit en ruimte. Vervolgens word slegs ʼn samevatting gegee van die gevolgtrekkings waartoe tydens die analise gekom is.

Deur die tekste wys die adolessente hulself en hul leefruimte aan die wêreld. Hulle deel herinneringe en ook drome en toekomsperspektiewe. Sodoende word ʼn brug gebou tussen die hede en die verlede, en ook die toekoms. Die sosiale ruimte van die adolessente blyk ʼn onlosmaaklike deel te wees van hul identiteit: feitlik in elke teks kom sosiale problematiek of bloot swaarkry na vore, hetsy dit alkoholisme, armoede, MIV/vigs of geliefdes is wat sterf. In die narratief staan die adolessent verder ook in verskeie verhoudings – tot homself, sy ruimte (fisies en sosiaal), tot die mense rondom hom en die res van die wêreld, en tot die teks. Dit is opvallend hoe deurlopend verweef familieverhoudinge is in die tekste, en watter belangrike rol sodanige verhoudinge speel in die vorming van identiteit. In die adolessent se verhouding met die *teks* kom grense en hibriede vorme tot stand. Hy/sy gaan ook soms deur oorgangsrites in die teks, wat aan hom/haar verhoogde status gee. Voorbeelde van hierdie grense en hibriede vorme is die adolessent se werklike ruimte, wat gekenmerk word deur sosiale problematiek, en dan dikwels ook die geïdealiseerde ruimte van die teks. Dit sluit in ʼn sprokiesruimte of toekomsdrome, waar enigiets moontlik is. Soms is daar ʼn kombinasie van die werklikheid en sprokiesruimtes in die teks, vandaar die hibriede vorme. Grense word op verskeie maniere oorgesteek: daar is fisiese reise wat onderneem word, terwyl die dood en begrafnisse ook ʼn rite van oorgang is wat dikwels voorkom. Die tekste vorm ʼn netwerk van storielyne en narratiewe, wat uiteindelik ʼn tapisserie bied, ʼn beeld van die identiteit en ruimte van die adolessent. Die beeld staan binne ʼn raam of konteks, en moet as sodanig gelees word.

Deur die teksanalise is tot die gevolgtrekking gekom dat die verhalende tekste wat tydens die skryfkursus geskep is, van hoër standaard is as dié wat tydens die skryfkompetisie ingesamel is. Hieruit kan afgelei word dat daar ʼn definitiewe verband tussen skryfopleiding en die verbetering van skryfvaardighede is. In teenstelling met die kompetisietekste was daar in die kursustekste ʼn duidelike bewussyn van skryfteoretiese beginsels. Daar is egter ook opgemerk dat die kompetisietekste meer persoonlike narratiewe was wat ʼn duidelike profiel van die teikengroep gee, terwyl die kursustekste meestal kortverhale is en verder verwyderd is van die leefwêreld van die teikengroep. Ten slotte kan gestel word dat die verhalende tekste wat deur die teikengroep geskep is, wél ʼn duidelike beeld gee van hul identiteit en ruimte, en dat duidelike merkers hiervan gevind kon word.

Die doel van die studie was om uiteindelik self ʼn jeugnovelle te skep waarmee die teikengroep (adolessente) sou identifiseer en wat hulle sou lees. Dit is juis met hierdie doel voor oë dat die identiteit en ruimte van die adolessent, veral ook uitgedruk in hul eie verhalende tekste, in soveel diepte ontleed is.



03 Combrink 03.pmd 42 7/23/2008, 7:57 AM

**Skeppende werk**

Na afloop van die teksanalise en leesondersoek, is 'n jeugnovelle geskep met die titel *Tussen Kynoch en die maan*.[4] Die skeppingsproses en die uiteindelike kreatiewe produk is gegrond op die merkers wat gevind is in die teikengroep se verhalende tekste asook op die inligting wat uit die leesondersoek verkry is ten opsigte van die teikengroep se leesvaardigheid, -behoeftes en -belangstellings.

***Skryfteoretiese beginsels***

Met al bogenoemde kennis oor die teikengroep in gedagte, is daar besin oor die skryfteoretiese beginsels wat tydens die skep van die jeugnovelle aangewend, of moontlik aangepas behoort te word. Die adolessente van Promosa het sekere spesifieke behoeftes wat in aanmerking geneem moes word. Hulle wil naamlik lees oor die problematiek waarmee hulle elke dag gekonfronteer word. Dit het egter ook duidelik in die leesondersoek geblyk dat daar 'n behoefte is aan hoop en positiewe oplossings in verhale. Die tema, inhoud en aanbieding van die verhaal is deur dié behoeftes beïnvloed. Moontlike temas wat oorweeg kon word, sluit in tienerswangerskappe, verkragting, molestering, geweld, drank- en dwelmmisbruik, en MIV/vigs. Daar is besluit om slegs op een tipe problematiek te fokus, naamlik MIV/vigs, en om dit te verweef met verhoudingsproblematiek tussen familielede en geslagte. Karakters sou afkomstig wees uit Promosa, sonder dat hulle uit die gemeenskap weggeneem word en 'n onwerklike sprokie geskep word. Hoop sou 'n belangrike rol in die verhaal speel.

Die ruimte en identiteit van die teikengroep, soos deur die voorafgaande navorsing en waarneming bepaal, is deurentyd voor oë gehou. Op grond van genoemde ruimte en identiteit is die storielyn, karakters, ruimte en tyd vir die verhaal geskep. Ook die taalgebruik van die karakters en dialoog is gegrond op die kennis wat verwerf is. Die storielyn van *Tussen Kynoch en die maan* is kortliks soos volg: Die hoofkarakter, wat ook as fokaliseerder optree, Eldene (17), woon saam met haar Ouma Maria en haar niggie Lee-Ann (16) in 'n tweeslaapkamerhuis in Promosa. Die twee niggies was nog altyd goeie vriende wat alles saam gedoen het, maar op 'n dag begin Lee-Ann verander. Sy klim snags deur die venster, en het die een kêrel na die ander. Iets is verkeerd met haar, maar Eldene kan nie agterkom wat dit is nie. Dan kom die dag wat sy uitvind Lee-Ann het haar (Eldene) verkul met haar eie kêrel. 'n Groot rusie volg, waarna Ouma Maria vir Lee-Ann uit die huis gooi. Nog 'n groter skok volg 'n paar weke later as Eldene uitvind Lee-Ann het vigs. Ouma Maria neem haar terug, en 'n proses van verpleging en versoening begin. Uiteindelik sterf Lee-Ann. Die feit dat Eldene van dieselfde ouderdom, kultuurgroep en gemeenskap as die teikengroep is, asook die ruimte, verhoudings- en ander problematiek wat eie aan die gemeenskap van Promosa is, skep moontlikhede vir identifikasie.

In die verhaal is gepoog om die gewigtige tema soms te verlig met humoristiese oomblikke. Een rede hiervoor is omdat die teikengroep van humoristiese tekste hou.



03 Combrink 03.pmd 43 7/23/2008, 7:57 AM

Besluite oor die formaat van die teks is ook deur die lesersvoorkeure beïnvloed: Die verhaal is heelwat korter as 'n normale jeugnovelle en die taalgebruik is so eenvoudig en eie aan die teikengroep as moontlik. 'n Duidelike lettertipe (14 punt) is gebruik en die teks is geïllustreer, op grond van die teikengroep se behoefte. Daar is ook aandag geskenk aan die voorblad om dit so interessant en uitnodigend as moontlik te maak.

Die hele navorsingsproses het bygedra tot die kennis en insigte wat verwerf is oor die teikengroep, en die insigte het as't ware oorgevloei na die teks. Dit was egter ook vir die navorser as skrywer van groot waarde om voor en tydens die navorsing as waarnemer in die gemeenskap van Promosa te wees. Die "inneem" van die omgewing (ook straatname, plekke en gebruike), die atmosfeer, klanke en geure, het nie geskied deur formele ondersoeke nie. Deur die tyd wat as deelnemende waarnemer in die gemeenskap spandeer is, was dit ook moontlik om die taalgebruik van die teikengroep te bestudeer. Die manier waarop adolessente in die gebied praat, kon byvoorbeeld nie alleenlik deur analisering van die teikengroep se verhalende tekste bepaal word nie. Persoonlike waarneming het beslis 'n groot rol gespeel in kennis oor die gemeenskap en die skep van die teks.

*Leserrespons*

Een van die belangrikste stappe in die navorsingsproses was die terugvoer aan die gemeenskap. Dit het op twee bene berus. (a) Die teikengroep is voortdurend deur die navorser geken in die skep van die jeugnovelle; (b) 'n kontrolegroep is betrek by die onafhanklike evaluering van die voltooide verhaal. Die kontrolegroep het bestaan uit adolessente tussen 16 en 20 jaar van die Promosa Sekondêre Skool wat nie deelgeneem aan die tweede leesondersoek óf die skep van eie verhalende tekste nie. Die kontrolegroep het 'n paneel van onafhanklike keurders gevorm en het bepaal of die jeugnovelle wat deur die navorser geskep is, voldoen aan die vereistes wat tydens die navorsing daarvoor vasgestel is. Die groep moes die verhaal lees (in boekformaat). Hierna het hulle formele terugvoer gegee deur middel van anonieme vraelyste. Daar is ook persoonlike gesprekke gevoer in die vorm van gestruktureerde onderhoude.

Die reaksie van die lesers in die resepsie-ondersoek kan nie as verteenwoordigend gesien word van ál Promosa se adolessente nie, selfs nie eens van al die adolessente in die Promosa Sekondêre Skool nie. Die jeugnovelle is egter positief ontvang deur onderskeidelik meisies en seuns, wat in die ouderdomsgroep van die teikengroep val. Die verhaal is deur hulle gelees en geniet, en daar is bevind dat hulle met die karakters, gebeure en ruimte daarin geïdentifiseer het.

## Gevolgtrekkings en slot

Kan 'n jeugnovelle vir 'n adolessente in 'n spesifieke gemeenskap suksesvol deur 'n buitestander geskep word? Binne die teoretiese raamwerk van die studie, en teen die



03 Combrink 03.pmd 44 7/23/2008, 7:57 AM

agtergrond van die leserrespons blyk dat dit wel moontlik is. In die navorsings- en skryfproses was daar wel verskeie kwessies wat oorweeg moes word. Een hiervan is appropriasie. Kan ʼn buitestander, iemand wat nie lid van ʼn spesifieke gemeenskap (in dié geval Promosa) is nie, hom-/haarself aanmatig om ʼn verhalende teks vir die gemeenskap te skep, en dan te sê dat dit eie is aan die gemeenskap? Watter reg het ʼn buitestander om as verteenwoordiger van so ʼn gemeenskap op te tree, en om hulle stem te wees op papier? Daar bestaan verskeie opinies oor hierdie kwessie. Leggo (1995: 34) skryf byvoorbeeld die volgende: "Is appropriation always inapropriate? The etymology of appropriate acknowledges contradiction. As a verb appropriate means 'to take for one's own or exclusive use; hence, to steal'; as an adjective appropriate means 'suitable, fit, proper'. Appropriate/appropriate suggests that stealing is suitable and proper."

Leggo stel die vraag of dit ooit moontlik is om ʼn ander se stem te "steel". Is ons nie maar almal omring deur ʼn see van stemme nie, my eie verskillende stemme tussen die verskillende stemme van ander? As ek dan skryf, skryf ek vanuit ons eie subjektiewe posisie as byvoorbeeld vrou, ma, dogter, suster, digter, Suid-Afrikaner, Afrikaner, Christen, ensovoorts. Hier is dus reeds verskillende identiteite en stemme ter sprake. In die skryfproses word geen doelbewuste poging aangewend om ʼn ander se geleentheid om in hul eie stem te skryf oor te neem nie. Inteendeel. Tog bly dit, volgens Leggo (1995: 35), ʼn komplekse, veelkantige saak, want die ander, die stem op papier, voel dalk verontreg of uitgebuit as daar vír hom gepraat/geskryf word.

Viljoen (2003:171) gee die volgende mening:

> ʼn Mens sou jouself kon afvra presies waar die grens lê tussen stem-gee aan ʼn ander en die appropriasie van dit wat eintlik ʼn ander s'n is. Aan die een kant sou ʼn mens kon sê dat dit ʼn skrywer of digter vrystaan om énige tema en (taal) vorm wat tot sy beskikking is te gebruik […]. Aan die ander kant wonder ʼn mens of die gebruik van ʼn ander se stem (veral ʼn ander wat in ʼn minderheidsposisie verkeer) nie ʼn vorm van appropriasie is wat ʼn mens met groot omsigtigheid moet hanteer nie.

Nadat die vraagstuk deeglik oorweeg is, is tot die volgende gevolgtrekking gekom: Dit is die ideaal dat elke gemeenskap se stem op papier gehoor word, en dat dit lede van die gemeenskap sélf is wat die stem van die gemeenskap is. Dit is egter so dat daar ʼn groot leemte is aan bruin skrywers wat gestalte gee aan die spesifieke identiteite en ruimtes binne hul eie gemeenskappe, veral soos wat dit deur die adolessente beleef word. Daarom is dit verantwoordbaar as ʼn skrywer wat as ʼn buitestander beskou kan word deur die gemeenskap tóg voortgaan met ʼn poging om die identiteit en ruimte van die gemeenskap geloofwaardig weer te gee. Dit is dan egter nie ʼn natuurlike, organiese proses, soos wat waarskynlik die geval sou wees wanneer ʼn lid van die gemeenskap self sou skryf nie. Die skrywer kan eers sy hand op papier sit na afloop van deeglike navorsing.



03 Combrink 03.pmd 45 7/23/2008, 7:57 AM

Die moontlikheid bestaan ook dat die skrywer nie langer in alle opsigte 'n buitestander in die gemeenskap is nie. Buitestanderskap kan vanuit verskillende hoeke en in verskillende lae beredeneer word. Iemand wat op die vlak van ras en etnisiteit as 'n buitestander beskou word, deel (soos in dié geval) moontlik ander eienskappe met die gemeenskap, byvoorbeeld taal en belange. Dit was nie die doel van die studie om op die verskillende lae van buitestanderskap in te gaan nie; tog kan geargumenteer word dat die skepping van die betrokke jeugnovelle ook moontlik gemaak is deur hierdie gedeelde fasette, en dat buitestanderskap daardeur verminder is. Die kennis oor die identiteit en ruimte van die adolessent in Promosa, wat verkry is deur die leesondersoek en teksanalise, het die skeppingsproses belig en buitestanderskap waarskynlik verder verminder. Die bestudering van die konsepte identiteit, ruimte, liminaliteit, hibriditeit en grense het verder bygedra tot die insigte wat in die studie verwerf is, en wat uitgevloei het in 'n teks vir die teikengroep.

Skryfteoretiese beginsels is aangepas op grond van die voorafgaande navorsing. Die jeugnovelle *Tussen Kynoch en die maan* is geskep, en is goed ontvang deur die teikengroep. Die gevolgtrekking van die studie is dan uiteindelik dat dit wél moontlik is vir 'n buitestander om 'n gemeenskapseie verhalende teks te skep waarmee adolessente in die opkomende Afrikaanse gemeenskap van Promosa, Potchefstroom sal identifiseer.

**Aantekeninge**

1. Die gebied Promosa is ongeveer 8 kilometer ten weste van Potchefstroom, in die Noordwesprovinsie geleë. Die gebied het in 1969 op grond van die Groepsgebiedewet tot stand gekom, as tradisioneel "Kleurling"-gebied. Die meerderheid inwoners was tydens 'n 2001-sensusopname (*StatsSA* 2004: 1) steeds bruin en Afrikaanssprekend, met Setswanasprekende inwoners in die tweede plek.
2. 'n Deelnemende benadering tot navorsing behels mense se betrokkenheid in alle fases van 'n projek. Dit staan in direkte kontras tot die filosofie en praktyk van die dominante paradigma waar die klem gelê word op kommunikasie wat beplan en georganiseerd is, en wat geïmplementeer word met hulp van buite. Die mense wat voordeel trek is bloot passiewe ontvangers van 'n bestaande realiteit (Thomas 1994: 54).
3. Kynoch is die naam van 'n kunsmisfabriek wat op die bult langs Promosa geleë is. Die fabriek, wat einde 2006 gesluit is, het baie besoedeling veroorsaak, en rook het dikwels oor die dorp gehang. Die naam het simboliese betekenis in die teks.

**Bronnelys**

Bahktin, M. 1981. *The Dialogic Imagination*. Austin, TX: University of Texas Press.

Bhabha, H. K. 1996. Culture's in-between. In S. Hall & P. Du Gay (eds.). *Questions of Cultural Identity.* London: Sage, 53–60.

Brockmeier, J. & Carbaugh, D. 2001. Introduction. In Brockmeier, J. & D. Carbaugh (eds.). *Narrative and Identity: Studies in Autobiography, Self and Culture*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Co, 1–24.

Combrink, A. 2003. Ondersoek na die leesgewoontes en -behoeftes van hoërskoolleerders in Promosa. Ongepubliseerde verslag. Potchefstroom.

Crago, H. 1993. Information literacy: a framework for higher education. *Australian Library Journal* 44 (3): 158–70.

Donnan, H. & Wilson, T. M. 1999. *Borders: Frontiers of Identity, Nation and State.* Oxford: Berg.



03 Combrink 03.pmd 46 7/23/2008, 7:57 AM

Erasmus, Z. (eds.) 2001. *Coloured by History, Shaped by Place: New Perspectives on Coloured Identities in Cape Town.* Cape Town: Kwela Books.

Greyling, S. F. 2005. Oor grense heen: 'n Deelnemende projek ter bevordering van skryf in ontwikkelende gemeenskappe. *Stilet* XVII (2): 155 –77.

Hall, S. 2000. Old and new identities, old and new ethnicities. In A. D. King (ed.). *Culture, Globalization and the World-system: Contemporary Conditions for the Representation of Identity.* Minneapolis: University of Minnesota Press, 41–68.

Hayden, D. 1995. *The Power of Place: Urban Landscapes as Public History*. London: MIT Press.

Hineline, M. L. 2004. Sense of place. <www.helix.ucsd.edu/~hineline/IDENTITY/sense.html> Toegang: 24.10.2004.

Hofstede, G. 1991. Levels of culture. In G. Hofstede (ed.). *Cultures and Organisations: Software of the Mind: Intercultural Cooperation and its Importance for Survival.* London: Harper Collins.

Lamont, M. & Molnár, V. 2002. The study of boundaries in the social sciences. *Annual Review of Sociology*, 28: 167 –95.

Leggo, C. 1995. Who speaks for extinct nations? The Beothuk and narrative voice. *Literator* 16 (1): 31–49.

Machet, M. P., Olën, S. 'n .I. & Chamberlain, A. 1996. Young people's reading in South Africa: A pilot project. UNISA: Department of Information Science.

McBean, J. & Yin-Lo, C. 2004. Imaging identity and place. <www.mgfnsw.org.au> Toegang: 23.10.2004.

Moffit, M. S. & Wartella, E. 1992. Youth and reading: a survey of leisure reading pursuits of female and male adolescents. *Reading Research and Construction* 31 (2): 1–17.

Nodelman, P. 1996[2]. *The Pleasures of Children's Literature*. USA: Longman.

Purves, A. & Beach, R. 1972. *Studies of Reading Interests: Literature and the Reader – Research in Response to Literature, Reading Interests and the Teaching of Literature*. Urbana Campaign: University of Illinois.

Rasana, N. H. 2006. The reading preferences of Grade 11 ESL learners in the Eastern Cape, South Africa. *Southern Africa Linguistics and Applied Language Studies*, 24 (2): 175–90.

Ricoeur, P. 1991. Narrative identity. *Philosophy Today* 35 (1): 73–82.

Saab, D. J. 2003. Conceptualizing space: mapping schemas as meaningful representations – Indigenous narratives of place. <http://aemman.net/thesis> Toegang: 23.10.2004.

Samuels, B. G. 1989. Young adults' choices: why do students "really like" particular books? *Journal of reading*, May, 714–19.

Sanders, J. M. 2002. Ethnic boundaries and identity in plural society. *Annual Reviews of Sociology* 28: 327–57.

Snyman, M. 2006. Die leesvoorkeure en leesgedrag van Afrikaanse kinders. Universiteit van Pretoria: Departement Inligtingkunde. (Ongepubliseer).

Stassen, N. 2003. Die laaste (Afrikaanse) boek. <www.mweb.co.za/litnet/seminaar/kknkstassen.asp> Toegang: 04.06.2003.

Statistics for Potchefstroom Municipality – Ward 9. 2001. <www.statssa.gov.za/> Toegang: 26.01.2004.

Thomas, P. 1994. Participatory Development Communication: Philosophical Premises. In: White et al. (eds.). *Participatory Communication: Working for Change and Development.* London: Sage, 49–59.

Van Gennep, A. 1960. *The Rites of Passage*. Trans. M. Vizedom & G. L. Caffee. Chicago: Chicago University Press.

Viljoen, L. 2003. Nog 'n omdigting van Bybelse onthougoed. *Literator* 24 (3): 165–80.

Vosloo, J. 2002. Kinders sál lees – as dit pret is. *Rapport*, 22 Februarie.

Whitebrook, M. 2001. *Identity, Narrative and Politics*. London: Routledge.

Whitehead, F. et al. 1978. Children and their books. Hampshire: Macmillan Education Ltd.

Zegeye, A. (ed.). 2001. *After Apartheid: Social Identities in the New South Africa*. Vol.1. Pretoria: SAHO; Cape Town: Kwela Books.



03 Combrink 03.pmd 47 7/23/2008, 7:57 AM